**Complicities – the intellectual and apartheid.**
Mark Sanders. Scottsville: University of Natal Press, 2002. xiii, 273 pp.
ISDN 1-86914-023-0.

Tydens die laaste dae van die sittings van die Waarheids- en versoeningskommissie (WVK) het ʼn siniese joernalis opgemerk dat na eindelose maande van verhore die publiek se belangstelling aan't kwyn was en slegs die tolke, plaaslike joernaliste en leepogige navorsers oorgebly het. Ek weet nie of Mark Sanders, ʼn assistent-professor aan Brandeis Universiteit, VSA, een van daardie navorsers was nie, maar hy identifiseer die WVK wel as ʼn sleuteloomblik in die ontplooiing van die huidige Suid-Afrika.

Hy onderstreep die vraag van medepligtigheid aan apartheid – *complicity* – as deel van die openbare diskoers, waarvan die WVK duidelikste voorbeeld was, wat sterk na 1994 op die voorgrond getree het. Sy keuse vir die WVK-verslag as grondteks maak dit moontlik om verby bloot individuele of institusionele aanspreeklikheid te kyk en "die klein oortreder in ons almal" raak te sien en te weet dat die skepping van ʼn sin van morele verantwoordelikheid ʼn belangrike middel teen wat Hannah Arendt die "banaliteit van euwel" genoem het.

In hierdie biegtyd in Suid-Afrika reken Sanders dat die vraag na die aandadigheid van intellektuele aan die vormgewing van onreg of hul opposisie daarteen aandag moet kry. Die konsep van "intellektuele verantwoordelikheid" koppel hy aan Émile Zola se bekende "J'accuse" (1898) – die ope brief ter ondersteuning van Alfred Dreyfus wat verkeerdelik van verraad skuldig bevind is – waarin hy onder meer skryf: "Ek sal die waarheid praat (…) Dit is my plig om te praat; ek sal nie ʼn medepligtige aan hierdie wandaad wees nie". Dié plig berus daarin dat die intellektueel se swye in die aangesig van onreg toelaat dat misdadigheid seëvier. Verder ontwikkel Sanders die begrip van intellektuele verantwoordelikheid aan die hand van Derrida, Fanon, Gramsci en Heidegger.

Die bydrae van hierdie boek is die wyse waarop Sanders die begrippe "verantwoordelikheid" en "medepligtigheid" as intellektuele plig teoretiseer. Die studie berus hoofsaaklik op ʼn wysgerige en letterkundige ondersoek. As letterkundige beroep hy hom op filosofiese, politiese, outobiografiese en belydenisvertellings in opeenvolgende hoofstukke: die teoretisering van medepligtigheid en die intellektueel, twee koloniale voorlopers, die intellektueel en apartheid, apartheid en die vernakulêr, tronkgeskrifte, swartbewustheid en die vrouegetuienis tydens die WVK-proses. Hy gebruik hoofsaaklik tekste van ouer figure soos Olive Schreiner, Sol Plaatje, N.P. van Wyk Louw, Geoffrey Cronje, R.F.A. Hoernlé, en meer eietydse figure soos Breyten Breytenbach, A.C. Jordan, Bloke Modisane, Steve Biko, Nadine Gordimer, Chabani Manganyi, Barney Pityana en die vrouegetuies voor die WVK.

Sanders bevind dat medepligtigheid nie net berus in die pejoratiewe sin van "aandadigheid" het nie, maar ook die positiewer konsepte "lojaliteit" en "solidariteit" oproep. Uit sy lees van sy Suid-Afrikaanse bronmateriaal formuleer hy die insig dat medepligtigheid nie net uitsluitlik op die voorstanders van apartheid van toepassing is nie, maar dat teenstanders van die regime en hul beleid ook bewus moes raak van die uitwerking van psigiese kolonialisering wat hulle (onbewustelik) met die verdrukker laat meewerk het.

In ʼn land waar dit gesetelde tradisie geraak het om na die kulturele geskiedenis van Suid-Afrika in digte etniese of politieke kompartemente te kyk, is Sanders se eerste prestasie om die tradisionele grense te oorskry. So is ʼn besliste pluspunt van dié benadering die wisselwerking in perspektiewe en intellektuele verantwoordelikheid wat hy by Hoernlé, Cronje en Van Wyk Louw bespreek. Hierdie hoofstuk waarin

hy Louw se "lojale verset" en nasonalistiese verbintenis krities bespreek, gaan soos Gerrit Olivier se *N.P. van Wyk Louw: literatuur, filosofie, politiek* (1992) teen die hagiografiese tradisie van Louw-studies in. Dit is ook Sanders se beste hoofstuk omdat hy sensitief die spannning tussen Louw se intellektuele perspektief , broeiende Afrikanernasionalisme en die uitvoerbaarheid van apartheid oorweeg. Hy kom uiteindelik tot die slotsom dat Louw as intellektueel gefaal het, omdat hy lojaliteit aan die volk bo kritiek teen apartheid gestel het.

'n Teenhanger-hoofstuk is dié oor swartbewustheid waarin hy onder meer die psigiese gekoloniseerdheid van swart mense bespreek. Hier gebruik hy die tekste van Steve Biko en Barney Pityana wat onder die invloed van Frantz Fanon en die Amerikaanse swartbewustheidsbeweging hul historiese tydvak beskryf het. Veral hul reaksie teen "liberale" wit Engelse Suid-Afrikaners en die uitwerking van apartheid op swart mense word onder die loep geneem. Die intellektuele strategieë wat Sanders identifiseer is dié van "mobilisering teen die euwel van apartheid" en die "onwaarheid van afsonderlikheid".

*Complicities – the intellectual and apartheid* is 'n verwikkelde teks waarin eietydse teorie en kulturele tekste sinvol en dikwels verhelderend ondersoek word. Die boek kan egter hoogstens dien as 'n beginpunt vir die vraag na die verantwoordelikheid van intellektuele. Net die opnoem van begrippe soos "hanskakie", "hensopper", "quisling", "collaborator", "impimpi", "tuisland" en "driekamer" dui aan hoe diepgaande vorme van medepligtigheid in die geskiedenis van die land ingeskryf is. Sanders het 'n belangrike teks geskryf wat as voorbeeld kan dien vir verdere ondersoek na 'n omvattender geskiedenis van intellektuele in Suid-Afrika.

*Hein Willemse*
Universiteit van Pretoria
E-pos: willemse@postino.up.ac.za